AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

*No endorsement of AgEcon Search or its fundraising activities by the author(s) of the following work or their employer(s) is intended or implied.*

Ser.

AGRICULTURAL OUTLOOK CONFERENCE 1986

# AGROCON LANVOKON '86

LANDBOUVOORUITSKOUINGSKONFERENSIE 1986

**PRESENTED BY —**

- Agricultural Economics Association of South Africa
- Co-ordinating Committee of Agricultural Marketing Boards
- Department of Agricultural Economics and Marketing
- Department of Agriculture and Water Supply
- National Marketing Council
- SA Agricultural Union

## CSIR CONFERENCE CENTRE
## Pretoria

10 AND 11 FEBRUARY 1986

A G R O C O N '86

THE SEVENTH AGRICULTURAL OUTLOOK CONFERENCE

D A T E

MONDAY 10 AND TUESDAY 11 FEBRUARY 1986

## O R G A N I S I N G   C O M M I T T E E

Co-ordination Committee of Agricultural Marketing Boards

| | |
|---|---|
| Mr S P van Wyk (Chairman) | - Managing Director, S A Wool Board |
| Mr P E Roux | - General Manager, Dairy Board |

Agricultural Economics Association of South Africa

| | |
|---|---|
| Mr S G Fiske | - Consultant |
| Dr C J van Rooyen | - Departmental Manager: Agricultural Development, Development Bank of Southern Africa |

Department of Agricultural Economics and Marketing

| | |
|---|---|
| Mr H S Hattingh | - Deputy Director General |

Department of Agriculture and Water Supply

| | |
|---|---|
| Dr G S Bredell | - Chief Director: Horticulture |

National Marketing Council

| | |
|---|---|
| Mr R P G Kotzé | - Chairman |

South African Agricultural Union

| | |
|---|---|
| Mr P H Swart (Vice-chairman) | - Director |
| Mr J F van der Merwe (Secretary) | - Deputy Director: General Services |

Co-opted Member

| | |
|---|---|
| Mr G J O Basson | - General Manager, Sentrachem |

## T H E M E   A N D   P U R P O S E

The conference results from a recommendation by the Commission of Enquiry into the Marketing Act that such a conference be held either annually or half-yearly.

The primary aim of AGROCON '86 is to examine thoroughly the position of agricultural price policy, the costs of inputs, the mutual relationships between the various branches of agriculture, as well as the different approaches of the interested parties concerned. The result of this will then be projected on the future so that meaningful forecasts of the different sectors in agriculture can be made. These forecasts may serve as guidelines for agriculture in the future.

A further aim is to make a positive contribution to agricultural economy and the economy in general, as well as to effectuate better co-ordination amongst organised agriculture, and between organised agriculture and other interested groups.

## E N Q U I R I E S

All enquiries should be addressed to:

AGROCON '86
P O Box 1508
PRETORIA
0001

Telephone: (012) 28-3491 (Mr J F van der Merwe)
Telex: 3-20937+

## CONTENTS

Below is a list of papers contained in this collection. An alphabetic code has been allocated to each paper with a separate numerical page reference.



| SUBJECT | SPEAKER | CODE |
|---|---|---|
| Official Opening | Mr J J G Wentzel<br>Minister of Agricultural Economics and of Water Affairs | AA 1 - 18 |
| International and national economic expectations | Dr<br>President: S A Reserve Bank | BB 1 - 18 |
| The dilemma of world agriculture | Prof J Bruce Bullock<br>Chairman: Department of Agricultural Economics, University of Missouri, Columbia, USA | CC 1 - 11 |
| Trends in agricultural inputs | | |
| - Fertiliser, mechanisation, agricultural chemicals, stock feed | Prof W E Kassier<br>Department of Agricultural Economics, University of Stellenbosch | DD 1 - 15 |
| - Transport | Dr W Pretorius<br>Chief: Department of Transport Economy, Rand Afrikaans University | EE 1 - 13 |
| Agricultural outlook in the TBVC and self-governing national states | Dr S S Brand<br>Chief Executive: Development Bank of Southern Africa | FF 1 - 16 |
| Skew income distribution in agriculture and the challenge it poses for agriculture | Mr H S Hattingh<br>Deputy Director General: Department of Agricultural Economics and Marketing | GG 1 - 23 |
| Agricultural financing - Quo Vadis? | Dr A S Jacobs<br>Senior Vice-president: S A Reserve Bank | HH 1 - 11 |
| Closing remarks | Mr G J Kotzé<br>Deputy Minister of Agricultural Economics and of Water Affairs | II 1 - 5 |

---

| COMMODITY | SPEAKER | CODE |
|---|---|---|
| Red meat,<br>hides and skins | Meat Board | A 1 - 23<br>1 - 11 (Only in Afrikaans) |
| Broilers | S A Poultry Association | B 1 - 5 |
| Eggs | Egg Board | C 1 - 14 (Only in Afrikaans) |
| Wool | S A Wool Board | D 1 - 13 |
| Karakul Pelts | S A Karakul Board | E 1 - 7 |
| Mohair | Mohair Board | F 1 - 3 |
| Dairy | Dairy Board | G 1 - 8 |
| Sugar | S A Sugar Association | H 1 - 19 |
| Maize | Maize Board | I 1 - 5 |
| Grain Sorghum | Maize Board | I 1 - 5 (Only in Afrikaans) |
| Winter Cereals | Wheat Board | J 1 - 17 |
| Oilseeds | Oilseeds Board | K 1 - 12 |
| Dry Beans | Dry Bean Board | L 1 - 7 |
| Cotton | Cotton Board | M 1 - 7 |
| Tobacco | S A Tobacco Board | N 1 - 10 |
| Deciduous Fruit | S A Deciduous Fruit Board | O 1 - 15 |
| Canning Fruit | Canning Fruit Board | P 1 - 7 |
| Dried Fruit | Dried Fruit Board | Q 1 - 23 |
| Bananas | Banana Board | R 1 - 8 |
| Subtropical products | Citrus and subtropical Fruit Research Institute | S 1 - 4 |
| Vegetables | S A Agricultural Union | T 1 - 9 |
| | Horticultural Research Institute | T 1 - 3 (Only in Afrikaans) |
| Potatoes | Potato Board | U 1 - 10 |
| Rooibos tea | Rooibos Tea Control Board | V 1 - 8 (Only in Afrikaans) |
| Tea | S A Tea Industry | W 1 - 10 |
| Wine products | K W V | X 1 - 13 |
| Forestry | Department of Environment | Y 1 - 8 (Only in Afrikaans) |
| Flowers | Horticultural Research Institute | Z 1 - 4 (Only in Afrikaans) |



ISBN 0 620 09434 6

EMBARGO: 10 FEBRUARIE 1986 OM 8H45

**TOESPRAAK DEUR MNR. J.J.G. WENTZEL, L.P., MINISTER VAN LANDBOU-EKONOMIE EN VAN WATERWESE, TYDENS DIE OPENING VAN DIE LANDBOUVOORUITSKOUINGSKONFERENSIE 1986 OP 10 FEBRUARIE 1986 IN DIE W.N.N.R. SE KONFERENSIESENTRUM, PRETORIA**

Bedank vir uitnodiging.

Dit sal naïef wees om te wil ontken dat die Suid-Afrikaanse ekonomie tans deur moeilike tye gaan. Die oorsake sowel as die gevolge daarvan is aan alle ingeligte persone bekend en daarom wil ek vandag nie veel daaroor uitwei nie. Tog is dit nodig om daarop te wys dat die terugslae wat sekere belangrike bedrywe in die landbousektor ondervind het, hoofsaaklik vanweë die droogte, maar ook as gevolg van ander interne en eksterne faktore, die hele makro--ekonomiese beeld van die landbou ingrypend verswak het. 'n Elementêre studie van die verloop van ekonomiese groothede, soos bruto boerdery-inkomste, boerdery-uitgawes, netto boerdery-inkomste en die skuldlas van boere, toon byvoorbeeld duidelik hoe die vroeëre verhoudings tussen

hierdie/...



hierdie groothede - verhoudings waarmee ons in die verlede gerieflik kon saamleef - sedert 1981 in 'n toestand van ernstige onewewigtigheid ontwikkel het. As dit nie was vir die gunstiger uitvoermoontlikhede wat deur die verswakking van die rand meegebring is nie, en daarmee saam die positiewe bydrae wat ons uitvoerbedrywe tot die ekonomie van die landbousektor gelewer het, sou die beeld wat ek vandag vir u skets, veel mistroostiger daar uitgesien het.

It is sound practice to analyse and define the performance of macro-economic indicators on a national and a sectoral basis and that the principal determining factors are identified. Since this is done in retrospect, it is often too late to apply preventive measures. Consequently the economy reaches a position where unfavourable developments and corrective measures which eventually follow, have painful results for a specific sector or the country as a whole. For this reason I wish to

urge.../

urge today that the experts who act as advisers to business operators and policy makers should intensify their vigil of developments influencing the national economy; that their interpretation of such developments be refined; and that they come forward with carefully considered previews. On this basis it should be possible to act timeously in avoiding or mitigating unfavourable trends.

We all have lessons to learn from this unfortunate combination of circumstances. We shall have to learn to utilise times of prosperity more judiciously so that we will be less vulnerable in adversity. Occurrences such as those of the past few years are a serious threat to the survival of a viable agricultural sector and the question may justifiably be asked what we should do henceforth. In this connection it is my firm conviction that the White Paper on Agricultural Policy should serve as the guideline for the future of our agricultural industry. Not only is there a central theme of effective and

profitable.../



profitable farming interwoven in the aims of the White Paper, but these aims are part of an integrated whole where each individual aim is complementary to or supporting one or more of the other aims. For instance the goal of self-sufficiency to which the concept of reasonable prices is specifically coupled, cannot be seen in isolation from the aim of the promotion of the maximal utilisation of our natural agricultural resources.

Since agricultural production is aimed primarily at the provision of food for the population and our country has only limited agricultural resources from which a rapidly-growing population will have to be fed, the pursuit of the goal of self-sufficiency cannot be over-emphasised. The volume of food production up till the present has grown faster than the population. There are indications, however, that the rates at which population and food production are growing are moving closer together. In this connection it

must.../

AA

must also be borne in mind that agriculture in South Africa is very closely bound up with weather conditions. This makes us more vulnerable in regard to food production. A striking example was the drought of the past two years when for two consecutive seasons we were unable to produce enough maize for our own needs.

The emphasis on self-sufficiency does not mean, however, that it must be pursued as policy aim at any price. If this should happen it could result in irrational business operation which would not be economically justifiable and would probably not be reconcilable with the maxims of reasonable prices or optimal utilisation of agricultural resources.

It is self-evident that the "reasonable prices" which is related to self-sufficiency in the White Paper is a highly subjective concept. Nevertheless it cannot be ignored and producers, processors,

marketers.../



marketers and, last but not least, policy makers must be receptive at all times to signals from the market which indicate that the total supply on offer cannot be disposed of at a given price. In this connection it is necessary to observe that the total supply consists of the sum of both the production of the current year and of stocks carried over from previous years. A further indicator which should be given close attention is the progress of the per capita consumption of specific products.

Ongelukkig is dit tans so dat verbruik in die geval van 'n hele paar landbouprodukte besig is om af te neem. Aangesien die vraag na 'n produk die enigste regverdiging vir produksie is, is dit van die grootste belang vir die produsent dat die vraag na sy produk tot die maksimum ontwikkel en geëksploiteer word; dat 'n verworwe markaandeel in stand gehou en selfs uitgebrei word; en dat die eindverbruiker nie van die produk vervreem word nie.

Laasgenoemde.../

AA

Laasgenoemde aspek is ook van belang in die geval van landboubedrywe wat beide op die plaaslike en die buitelandse marke opereer en wat dikwels voor die versoeking te staan kom om hoër buitelandse pryse na te jaag ten koste van die meer stabiele vraag op die plaaslike mark, welke mark dan in die proses ondervoorsien word en die produk, prysgewys, buite die bereik van 'n groot deel van die bevolking geplaas word. Afgesien van 'n gesonde balans wat in hierdie opsig gehandhaaf behoort te word, kan die waarde van die plaaslike mark in vandag se tye van werklike en dreigende handelsanksies, nie oorbeklemtoon word nie.

Met die voorgaande opmerkings wil ek egter geensins die noodsaaklikheid van uitvoer en uitvoerbevordering as van mindere belang afmaak nie. Inteendeel, dit is vir die hele landsekonomie van wesentlike belang om ons uitvoerpogings te verskerp, om marke te diversifiseer en om ons handelsbande, waar dit ook al moontlik mag wees,

hegter.../



hegter te smee. Die huidige eksterne waarde van die rand bied 'n gulde geleentheid vir ons uitvoerders, en te oordeel na die dramatiese verbetering van die lopende rekening van ons betalingsbalans, word hierdie geleenthede reeds suksesvol benut. Die vraag is net hoe lank ons, in die lig van die betreklik hoë inflasiekoers, die vergelykende voordele wat ons besit in stand sal kan hou. Dit sou verkeerd wees om ons mededingingsvermoë bloot op die voordele van 'n lae wisselkoers te baseer. Wanneer die waarde van die rand weer styg, sal ons produkte steeds mededingend moet bly. Die beeld van goeie gehalte wat ons vrugte byvoorbeeld oorsee geniet, het ons buitelandse bemarking nog altyd goed te staan gekom, maar ons mededingers verbeter steeds in hierdie opsig. Onder die heersende gunstige bemarkingsomstandighede, maar ook inagnemende die uitwerking van boikotaksies, sal dit fataal wees om ons kwaliteitstandaarde te wil verlaag bloot om groter hoeveelhede oorsee verkoop te kry.

Betreffende.../

Betreffende die internasionale graanmark, lyk die vooruitsigte vir Suid-Afrikaanse uitvoer op die oomblik nie te goed nie. Die groot oeste in verskeie lande in die Noordelike Halfrond, veral in die V.S.A. en die Sowjet-Unie, en die verwagting dat oordragvoorrade aan die einde van die 1985/86-jaar gelykstaande aan die rekord-voorrade van twee jaar gelede sal wees, sal die reeds lae internasionale graanpryse verder omlaag dwing. Met die oog hierop, ondersoek die Regering saam met die privaatsektor alternatiewe bemarkingsmoontlikhede en aangepaste bemarkingskemas wat hierdie uitdagings die hoof kan bied.

Die suksesvolle afset van produkte plaas uiteraard 'n besondere verantwoordelikheid op bemarkers. Van hulle word onder andere verwag om moderne beginsels van bemarkingsbestuur te ken en toe te pas. So byvoorbeeld moet hulle die kwalitatiewe en kwantitatiewe aspekte van elke marksegment deeglik navors en bestudeer, weet wie die verskillende kategorieë kopers in die mark





is en waar, wanneer en waarom hulle koop. Ek vra myself dikwels af of ons bemarkers van landbouprodukte, of dit nou beheerrade of privaatondernemings is, voldoende rekening hou met hierdie fundamentele oorwegings by die formulering van hulle beleid ten opsigte van produk, prys, reklame en distribusie - of bly sommige van ons bloot opportunistiese verkopers van landbouprodukte?

Moontlikhede vir die uitbreiding van die markvraag sal vorentoe met groter doelgerigtheid ondersoek moet word, veral in die lig van faktore soos bevolkingsgroei, toename in besteebare inkome, die oopstelling van sentrale sakegebiede, die opheffing van toestromingsbeheer, die groter verstedeliking wat dit sal meebring en, in die algemeen, die beweging na 'n vryer markstelsel. Die konstitusionele hervormingsproses, saam met 'n meer markgerigte ekonomie, sal van ons almal aanpassings verg, maar terselfdertyd sal dit deure na groter welvaart oopmaak. Vir diegene wat bereid

is om oor die drumpel te tree, wag daar opwindende geleenthede. Om hierdie geleenthede te benut, sal produsente en bemarkers hul strategieë voortdurend moet aanpas.

Prys, soos ons weet, is 'n kritiese faktor in ekonomiese bedryfsvoering. In landbouverband is dit ook 'n besonder sensitiewe aangeleentheid, omdat dit die aanbod van, en die vraag na lewensnoodsaaklike voedsel ingrypend beïnvloed. In die laaste tien jaar of so het vraag- en kostedrukinflasie om die beurt verwoesting onder die ekonomiese verwagtings van die boer, die verwerker en die verbruiker gesaai. Die fiskale en monetêre maatreëls wat die Regering getref het om hierdie ekonomiese verskynsel se oorsake aan bande te lê, is na my mening goed gefundeerd. Weens bepaalde strukturele eienskappe van die Suid-Afrikaanse ekonomie, asook vanweë eksterne invloede, veral uit hoofde van die vloeibaarheid van die wêreldekonomie, is hierdie pogings van tyd tot tyd belemmer, sodat die betrokke maatreëls tot dusver nog nie tasbare vordering toon nie.

Tog.../



Tog het daar sedert Mei 1985 noemenswaardige verlagings in rentekoerse van beide die handelsbanke en die Landbank ingetree en is owerheidsuitgawes en privaatverbruiksbesteding onder beter beheer. Dit, saam met die onlangse versterking van die rand, die gunstiger verloop van die lopende rekening en die voordele wat 'n meer markgerigte ekonomie kan inhou, dui op 'n waarskynlike verlaging van die kostedruk in die afsienbare toekoms. Die boer behoort daarby te baat en hierdie voordeel kan geleidelik ook na die verbruiker deurwerk.

Die inflasiekoers, soos gemeet aan die verbruikersprysindeks, het in Desember 1985 die rekordvlak van 18,4 persent per jaar bereik. Die voedselkomponent daarvan het egter met effens minder toegeneem, naamlik met 16,7 persent. Dit is nietemin verontrustend dat voedselpryse, veral die pryse van graanprodukte, vleis, groente en vrugte, vanaf September 1985 in die algemeen vinniger as dié van alle verbruikersitems begin styg het. Sedert die begin

van.../

van 1986 het Suid-Afrikaners reeds etlike verdere prysverhogings beleef - bande, brandstof, melk en wyn, om maar 'n paar te noem. Op grond van koste-oorwegings kan verwag word dat daar in die komende maande verdere druk sal wees om pryse te verhoog. Tot tyd en wyl die inflasiespiraal egter effektief gebreek is, sal almal die uiterste selfbeheersing aan die dag moet lê om nie die addisionele koste, of die grootste deel daarvan, aan die volgende skakel in die bemarkingsketting deur te gee nie.

Dit is vanselfsprekend dat 'n persoon se uitgawes nie sy salaris bepaal nie. Net so moet dit begryp word dat die prys wat die verbruiker bereid is om vir 'n produk te betaal, nie deur die produsent se produksiekoste bepaal word nie. In die geval van produkte met beheerde pryse, of waar voldoende mededinging nie aanwesig is nie, word die indruk dikwels verkeerdelik geskep dat die teendeel geld, naamlik dat produksiekoste wel pryse bepaal. Hoewel dit op die oog af so mag lyk, en oor die kort termyn ook so





mag wees, kan die onderliggende beginsels by die totstandkoming van 'n markverwante prys nie onbepaald verontagsaam word nie. Deur die produsenteprys van 'n produk te verhoog, sal die aanbod daarvan neig om toe te neem. Terselfdertyd sal produksiekoste egter ook neig om te styg, sodat dit weer in ewewig met die verhoogde prys kom. As dit egter 'n kunsmatige hoër prys is wat nie verband hou met die heersende vraagtoestande nie, moet dit noodwendig tot surplusse aanleiding gee, surplusse wat dan vanweë die nuwe prys/koste-verhouding uiters moeilike aanpassingsprobleme kan skep.

Die huidige hoë inflasiekoers, saam met talle ander kwellings wat die landsekonomie die afgelope tyd geteister het, het ernstige letsels op baie sektore, bedrywe en ondernemings gelaat. Die landbousektor kon die effek van hierdie verwikkelings nie vryspring nie. Boonop moes baie landboubedrywe die verwoestende gevolge van

agtereenvolgende droogtejare trotseer. Gesamentlik het hierdie faktore die kwesbaarheid van die landbousektor beklemtoon en van baie bedrywe hoërisikobedrywe gemaak. Die verswakking van die skuldlasposisie van die landbou is meer as voldoende getuienis hiervan. Dit is in tye soos hierdie dat prysstabilisasie groter betekenis kry en dat die waarde van stabilisasiefondse nie onderskat moet word nie. Hierdie fondse, wat spesiale heffing- en reserwefondse insluit, het vir al die beheerrade saam ongeveer R277 miljoen in 1981 bedra; R389 miljoen in 1982; R237 miljoen in 1983; en R224 miljoen in 1984. Hierdie syfers word egter aansienlik vertroebel deurdat nadelige saldo's op stabilisasiefondsrekenings ook daarin verreken is. Nadelige saldo's op hierdie rekenings is vir my geheel en al onaanvaarbaar en behoort so gou doenlik reggestel te word òf deur hoër stabilisasieheffings te vorder òf deur pryse so vas te stel dat dit nie oormatige prysaanvulling uit hierdie fondse nodig maak nie.

Benewens.../



Benewens groot omsigtigheid wat aan die dag gelê behoort te word met betrekking tot die aanwending van stabilisasiefondse, moet ook besef word dat hierdie fondse in wese trustgelde is wat onder geen omstandigheid aan hoërisikobeleggings of beleggings met twyfelagtige waarborge van terugbetaling, blootgestel behoort te word nie.

Ten spyte van laer rentekoerse die afgelope tyd, bly die buitengewoon hoë skuldlas van die landbousektor nog steeds 'n meulsteen om die nek van baie boere en bedrywe. Uit die aard van die saak werk dit negatief in op boere se finansiële herstelvermoë. Sodra omstandighede verbeter - en bemoedigende tekens is reeds daar - sal hierdie boere hul posisie moet konsolideer deur, eerstens, gesonde finansiële bestuur en dissipline as 'n permanente leefwyse in hul boerderye te aanvaar en toe te pas en, tweedens, alles in die stryd te werp om hul skuldlas sover moontlik te verminder, selfs deur hul

oorlaatskulde.../

oorlaatskulde vinniger te delg as die ses jaar wat daarvoor toegelaat is en waarvan twee reeds verstreke is.

Om die landbousektor weer tot sy vorige glorie te herstel, gaan van ons almal baie verg. Die produksie-, finansierings- en bemarkingsaspek van die landbou sal volgens die beste sakebeginsels benader moet word en wel so dat dit nouer by 'n markgerigte ekonomie aansluiting sal vind. Op beleidsvlak is daar reeds besin oor die koers wat ingeslaan moet word om 'n lewenskragtige landbousektor in belang van die land en sy mense te bevorder. Sekere aksieprogramme om dié doel te bereik, sal nog uitgewerk moet word en struikelblokke wat op die pad vorentoe lê, sal uit die weg geruim moet word. Dit alles kan meebring dat die valse fondamente van die verlede afgebreek en herbou sal moet word. Sake soos prysvasstelling aan die hand van produksiekoste; prysverhogings te midde van surplusse; belastingkonsessies wat koste- en batestrukture verwring; voedselsubsidies wat ook diegene bevoordeel wat

dit.../

AA



dit werklik nie nodig het nie; asook daardie produksiesubsidies wat neig om die allokasie van produksiefaktore skeef te trek, sal opnuut onder die vergrootglas geplaas moet word. Ek glo dat die nuwe landbou wat hieruit kan ontwikkel, sy man op alle terreine sal kan staan en dat die boer weer met trots sy kop hoog sal kan hou.

Verklaar konferensie geopen.

**UITGEREIK DEUR DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING**

**PRETORIA**
**10 FEBRUARIE 1986**

**ISSUED BY THE DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING**

**PRETORIA**
**10 FEBRUARY 1986**